

1. Luiheid (Sloth)

VERWELKOMING: **5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

YSBREKER: **15 MIN**

- Wanneer voel jy "lui"? Wat doen jy daaraan?
- Hoe sal jy "luiheid" definieer?

AANBIDDING: **5 MIN**

Maak julle oë toe en laat iemand Matteus 6:25-34 rustig voorlees. Gee dan 2 minute van stilte om elkeen ons bekommernisse aan die Here oor te dra.

25"Daarom sê Ek vir julle, hou op om julle te bekommer oor julle daaglikse lewe – wat julle sal eet of drink; of oor julle liggame – wat julle sal aantrek. Is om te lewe nie baie kosbaarder as kos nie? En is 'n mens se liggaam nie baie kosbaarder as klere nie? 26Hou die voëls in die lug dop. Hulle saai nie, hulle oes nie, en hulle maak nie in skure bymekaar nie. Dit is onnodig, want julle hemelse Vader gee aan hulle hulle kos. Besef julle dan nie dat julle vir God nog baie kosbaarder is as hulle nie? 27Kan al julle bekommernis julle lewe een sekonde langer rek? Vanselfsprekend nie!
28"En wat klere betref – wat bekommer julle julle daaroor? Leer hierdie les van die veldlelies wat so pragtig in die blom staan. Hulle sloof hulle nie af om vir hulleself klere te maak nie. 29En tog sê Ek vir julle, selfs Salomo in al sy glorie was nie so pragtig aangetrek soos een van hulle nie. 30As God dan die veldplante wat vandag daar is en môre verbrand word, so mooi aantrek, hoeveel te meer sal Hy nie vir julle sorg nie? Is julle geloof dan so klein?
31"Moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat sal ons tog eet?' of: 'Wat sal ons drink?' of: 'Wat sal ons aantrek?' nie. 32Dit is die ongelowiges wat oor hierdie soort dinge begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. 33Nee, maak die koningsheerskappy van God en dit wat voor Hom reg is, julle heel eerste prioriteit; dan sal God vir julle al hierdie ander dinge as 'n bonus byvoeg.
34"Moet julle daarom nie oor môre bekommer nie. Môre sal sy eie bekommernisse bring. Vandag se moeilikhede is vir een dag heeltemal genoeg.

BYBELSTUDIE: **45 MIN**

Laat iemand die volgende uiteensetting van luiheid (Latyn *Acedia*) lees:

Acedia is a Latin word, from Greek *ἀκηδείᾱ*, meaning "Carelessness". Father Rickaby aptly translates its Latin equivalent *acedia* (Gr. *akedia*) by saying that it means the don't-care feeling. A man apprehends the practice of virtue to be beset with difficulties and chafes under the restraints imposed by the service of God. The narrow way stretches wearily before him and his soul grows sluggish and torpid at the thought of the painful life journey. The idea of right living inspires not joy but disgust, because of its laboriousness.

- Hoe vergelyk dit met julle definisie van luiheid? Hoe sou julle nou "geestelike luiheid" definieer?

Lees Matteus 25:14-30. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- Waarom beskryf die man die derde slaaf as "lui"? (vers 26)
- Wat was die oorsaak van sy "luiheid"? Wat maak dat ons "lui" is om ons talente te gebruik?
- Watter van God se opdragte is jy die "luiste" mee? Wat kan jy doen om te verander?
- *"Die sonde van luiheid is om te weet wat reg is, maar dit nie te doen nie."* Bespreek hierdie stelling in terme van:

- Jou werk
- Jou verhoudings (huwelik, gesin, vriende, kleingroep)
- Jou geestelike lewe (Bybel lees, bid, eredienste, dienswerk)

- Bespreek die volgende aanhaling oor die gevolge van geestelike luiheid:

> The greatest threat to religion isn't anti-religious opposition, because opposition implies that religion is still important or influential. The greatest threat to religion is really apathy, because people are apathetic about things which just don't matter anymore. When enough people are apathetic about a religion, then that religion has become irrelevant. The decline of religion and theism in Europe is due more to people not caring anymore and not finding religion relevant anymore rather than to anti-religious critics convincing people that religion is wrong.

- Sou jy, in die lig van vers 30, "luiheid" beskryf as 'n doodsonde? Indien wel, hoe lei dit tot geestelike "dood"?

DIENSWERK: **5 MIN**

Hoe kan julle kleingroep dienswerk doen in die gemeente? Dink vandag veral aan wie daar is vir wie julle kan dankie sê (ouderlinge, diakens, musikante, Kafé Koinonia, kerkkantoor, jeugkleingroepleiers, mense wat na terrein kyk, pastorale dienssentrum, koster, skoonmakers, _____, _____,)
Hoe gaan julle dit doen?

GEBEDSRIGLYN: **10 MIN**

Een van die terreine waar baie van ons 'lui' is, is gebed. Ons weet dat ons meer moet bid en vir mense moet bid, maar ons doen dit nie. Neem 5 minute en praat met mekaar oor die redes daarvoor (indien julle dit nog nie hierbo gedoen het nie.) Hoe kan julle mekaar hierin help?
Gee nou vir ELKEEN geleentheid om een sin hardop te bid na aanleiding van vandag se bespreking.

ADMINISTRASIE: **5 MIN**